Maandag

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. ʼn Bestaanswyse wat volgens volgens Joh. 18: 37 in die waarheid gegrond is, teenoor ʼn bestaanswyse wat gegrond is in nuttigheid en bruikbaarheid! Die verskil van ʼn lewe in Christus teenoor ʼn lewe in jouself, met jouself en vir jouself! Dit is die verskil om in Christus te glo en om te glo wat jy volgens jou begeertes sien. (1 Joh. 1:16) Christus ís die waarheid. Dit kondig die Here Jesus self aan in die openbaring: “Ek is die weg, en die waarheid en die lewe: niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” (Joh. 14:6) Johannes 1: 1 – 18 is ʼn opsomming van die inhoud van die hele Johannes evangelie. Johannes wys hoe is Christus die waarheid met die sin: “Want die wet is deur Moses gegee, die waarheid en die genade het deur Jesus Christus gekom.” (1: 17) Johannes het die gebruik om een saak met dubbel woordkombinasies te beskryf. Daarom is “genade en waarheid” nie twee verskillende sake nie, maar een saak wat dubbel beskryf word. Waarheid en genade is dan eintlik genadige waarheid en ware genade. Ware genade en genadige waarheid is om as sondaar genade op genade, op genade te ontvang uit die oorvloed van genade wat Jesus Christus deur sy koms, sy lyding, kruisiging, dood en opstanding vir ons wat aanhoudend met sonde sukkel bewerk het. Jesus Christus is die genadige waarheid oor ons sonde dat ons nie vir sonde veroordeel word nie (Joh. 3: 17) en die ware genade wat as genade gegee word. (1:17) In Christus word sondaars ingesluit, deel hulle en ken hulle God die Vader as hulle liefdevolle Vader. Dit is genade en waarheid. Ons bestaanswyse is gegrond in die waarheid – Jesus Christus is die ware genade en genadige waarheid oor God se liefde vir ons. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. Christus is die waarheid. Hy is nie die regte feite of korrekte inligting wat aanvaar moet word nie. Christus is God wat aan Homself getrou is om God te wees soos Hy God is. Christus vertel nie die waarheid nie, demonstreer nie die waarheid nie of wys wat is die waarheid nie. Hy ís die waarheid omdat Hy is wie Hy is. Dit openbaar die Here self aan die Jode in Joh. 8: 58 met die woorde: “Ek sê vir julle: Ek is, al voor Abraham gebore is.” Hiermee bevestig Jesus Christus Hy is God soos God Homself aan Moses openbaar het in Eksodus 3: 14: “God sê toe vir Moses: “Ek is wie Ek is”. Hy sê toe ook: “Só moet jy die Israeliete antwoord: “Ek Is het my na julle toe gestuur.” Johannes som weer in sy inleiding op hoe Christus God is soos Hy God is en was voor Abraham al gebore was in die eerste drie openingsverse van die evangelie: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alles het deur hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan ontstaan nie.” Dit is hoe Tomas Jesus Christus as God aanbid in die belydenis: “Thomas het vir Hom gesê: My Here en my God!” (Joh. 20: 28) Só! In Christus is God wie Hy is: die Seun van wat self sondaars se oordeel dra sodat hulle van Hom genade op genade ontvang om só in die Vader se liefde te leef. (17: 26) Christus is hoe God getrou is aan Homself om só God te wees: “God is liefde.” (1 Joh. 4: 16) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. Deur ons in te sluit in wie Christus as mens is en wie Hy as mens vir God is, (Joh. 17: 22,23) grondves Jesus Christus ons in die waarheid – die waarheid van wie ons vir God is en moet wees.(Joh. 18:37) Die waarheid waarin ons grondves is, is dat ons kinders van God is. Só stel Johannes dit in die opsomming van sy evangelie: “Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word, hulle wat in sy Naam glo.” Kinders van God! Ingesluit en deel van die Vader se liefde! Liefde wat só werk: genade op genade uit die volheid van Christus se lyding, kruisiging, dood en opstanding as mens. Só is ons as kinders van God grondves in die waarheid. Ons is kinders wat ons sondes as sonde erken en by teenoor ons Vader wat ons liefhet: “As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. ( 1 Joh. 1: 8) Teenoor God die Vader erken en bly ons ons sonde in die waarheid. Die waarheid dat Christus ons reeds van al ons sondes gereinig het en dat ons nooit vir enige van ons sondes ooit weer veroordeel sal word nie. (Joh. 3: 17,18) Ons is in die waarheid gegrond dat God se liefde vir ons in ons ŉ wederliefde skep waarin ons geen vrees het dat ons en ons liefde nie vir God reg of goed genoeg is nie. (1 Joh. 4: 10 en 18) Ons leef in die waarheid dat ons altyd in God se liefde bly, ten spyte van ons sondes en ons God daarom altyd volgens sy wet mag liefhê. 1 Joh. 4: 15 en 5: 3,4) So is ons in die waarheid gegrond dat ons ingesluit is en deel bly van wie Jesus Christus vir ons is – die waarheid van wie God as God is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. Christus is nie óns waarheid nie! Die Jode het nie Jesus as die beloofde Messias, die Christus aanvaar, tot vandag toe nie: “Hy het gekom na wat syne was en tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie. (Joh. 1: 11) Die Jode het Jesus nie as die Christus aanvaar nie want Jesus was nie húlle waarheid nie. Hulle Christus was die Messias wat hulle vroomheid, gehoorsaamheid en aanbidding van God moes kom bevestig het as reg en goed en hulle daarvoor moes kom seën het. Die waarheid dat die Christus moes kom ly, gekruisig word en sterf, kon hulle nie hoor nie: “ Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my woorde nie werklik kan hoor nie.” (Joh. 8: 43) Wie soos die Jode in die Christus glo, is en leef die leuen van die Duiwel. Hulle glo die Duiwel se leuen as hulle eie waarheid: “Wanneer hy ŉ leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy ŉ leuenaar is en die vader daarvan is.” (Joh. 8: 44) ŉ Christus wat mense se vroomheid, gehoorsaamheid en aanbidding kom bevestig en seën, is die leuen van die Duiwel. Wie die Duiwel se leuen oor die Christus glo, kan nie die waarheid hoor wanneer Jesus Christus openbaar dat hulle sondaars is en met hulle vroomheid, gehoorsaamheid en aanbidding met sonde besig is nie.(Joh. 8: 45) Hulle kan nie hoor dat hulle net deur Jesus Christus se lyding, kruisiging en dood van hul sonde bevry kan word nie. (Joh. 8: 36) Die Here wys dat die Jode se waarheid oor hulle Christus, is die hoe hulle in sonde leef. Hulle Christus moet hulle sondige begeertes, wat hulle glo e ervaar as hulle vroomheid en gehoorsaamheid, kom bevestig en seën. Hulle lewe só in die leuen van die Duiwel: my sondige begeertes is my liefdes! (1 Joh. 2: 15 – 17) Hulle Christus moet hulle begeertes kom bevestig en seën, nie daarvoor as sondes sterf nie. Só is Christus húlle waarheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. Sien is glo! So maak mense hulle begeertes húlle liefdes en Jesus Christus húlle waarheid. Johannes wys hoe sien met hulle eie waarheid: “Moenie die wêreld of wat in die wêreld is, liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die liefde van die vader nie in hom nie, want alles in die wêreld – dit wat die liggaam begeer, dit wat die oë begeer, arrogante spoggery oor besittings – is nie uit die Vader nie, maar uit die wêreld.” (1 Joh. 2: 15,16) Sien is glo! So maak hulle die leuen hulle waarheid. Hulle sien hulle mag, besittings, intimiteite en posisie as hulle liefdes! En vir hierdie liefdes wat hulle sien, moet Christus bevestig dit is liefde en hulle daarvoor seën. Op hierdie wyse is Christus húlle waarheid – hulle Christus is die Duiwel se Christus wat sonde liefde maak en die Christus die een maak wat sondes bevestig as liefde en mense só vir sonde seën. Dit is die blindheid waar ʼn lewe wat ʼn leuen is as die waarheid geglo word. Die Fariseërs het teenoor die Here wat gestel het dat hulle só blind is met hulle eie waarheid: “Ons is tog nie ook blindes nie.” (Joh. 9: 40) Hierteen stel Jesus aan hulle: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie, maar nou sê julle ‘Ons sien’. Daarom bly julle in julle sonde. (Joh. 9:41) Wie só in Christus glo: “Christus is ons waarheid”, is blind maar glo hulle sien wie Christus is. Wanneer jy in “jou Christus glo”, wat jou sondes as jou liefdes bevestig en daarvoor seën, bly in sonde leef terwyl hulle glo hulle leef in die waarheid. Hulle leef die Satan se leuen as hulle waarheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Joh. 1: 16, 17; 14: 4 – 7; 18: 37, 38; 1 Joh. 2: 15- 17, 27. Teks Joh. 14: 6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Tema Christus is dié waarheid, nie ons waarheid nie. Christus is nooit “ons waarheid” nie. Elkeen kan nie maar glo in Christus soos hulle wil en elkeen is maar reg nie. Christus is nie mense se waarheid nie. Jesus Christus is dié waarheid oor hoe God God is. Die apostel Johannes stel dit só: “En ons weet dat die Seun van God gekom het en aan ons die verstand gegee het sodat ons die Waaragtige kan ken en ons is in die Waaragtige, in sy Seun Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe.”(1 Joh. 5: 20) Ons ken die Waaragtige en is ingesluit in die Waaragtige, Jesus Christus. Hy is die waarheid. Die Waarheid hoe God getrou is om God te wees vir sy kinders – om hulle genade op genade te gee vir die sondes wat hulle doen. Hy is die Waarheid oor hoe Waaragtig is – om nooit sy kinders vir hul sondes te veroordeel nie maar in hulle plek self die veroordeelde sondaar te wees. (Joh. 3: 16 – 19) Hy is die Waarheid hoe God met sy eerste liefde in sy kinders altyd weer ʼn wederliefde skep wat God as hul liefdevolle Vader volgens sy wet wil gehoorsaam. (1 Joh. 4: 10) Hy is die Waarheid wat sy kinders hul sondes as sondes laat ken (1 Joh. 1: 8) en God se wet as die enigste wyse ken waarop hulle God en mense kan liefhê. (1 Jo. 5: 2,3) Ons en Christus nie as ons waarheid nie maar as die Waarheid oor hoe God die Waaragtige God is. Ons ken Christus as die waarheid omdat Hy ons in die waarheid gegrondves het ( Joh. 18: 37) deur ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as die Christus is, die Waarheid oor hoe God God is. Ons ken die Christus wat mense se waarheid is, hulle waarheid, as die leuen van die Duiwel wat mense vasvang in die mag van die Bose” om hul sondige begeertes as hul liefde te glo en Christus te glo as hy wat hulle in hierdie leuen moet bevestig en seën as hulle waarheid. Christus is die Waarheid, die Waaragtige, ware God, (1 Joh. 5: 20) nie ons waarheid nie Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus